Pretoria- 2 Februarie 2014

Skriflesing: Esegiël 25:8-11; Numeri 22:1-6; 25:1-5
Teks: **Esegiël 25:8-11**
Sing- Ps. 48:1; Ps. 75:1,5; Ps. 104:1,2,7; Ps. 106:12

Esegiël 25:8-11

Eze 25:8 So spreek die Here HERE: Omdat Moab en Seïr sê: Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies—
Eze 25:9 daarom, kyk, Ek maak die berghange van Moab oop, dat dit sonder stede is, sonder sy stede in sy hele gebied, die sieraad van die land: Bet-Jésimot, Baäl-Meon en tot Kirjatáim toe;
Eze 25:10 aan die kinders van die Ooste sal Ek dit, saam met die kinders van Ammon, as besitting gee, sodat die kinders van Ammon nie meer genoem sal word onder die nasies nie.
Eze 25:11 Ek sal ook in Moab strafgerigte voltrek; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.

Numeri 22:1-6; 25:1-5

Num 22:1 Daarna het die kinders van Israel weggetrek en laer opgeslaan in die vlaktes van Moab, oos van die Jordaan van Jérigo.
Num 22:2 Toe Balak, die seun van Sippor, sien alles wat Israel die Amoriete aangedoen het,
Num 22:3 het Moab baie bang geword vir die volk, want hulle was talryk; en Moab het beangs geword vanweë die kinders van Israel.
Num 22:4 Toe sê Moab vir die oudstes van Mídian: Nou sal hierdie menigte opeet alles wat rondom ons is, soos 'n bees die groenigheid van die veld opeet. En Balak, die seun van Sippor, was dié tyd koning van Moab.
Num 22:5 Daarop het hy boodskappers gestuur na Bíleam, die seun van Beor, in Petor wat by die Eufraat is, in die land van die kinders van sy volk, om hom te roep en te sê: Kyk, daar het 'n volk uit Egipte getrek; kyk, hulle het die oppervlakte van die land oordek en staan gelaer teenoor my.
Num 22:6 Kom dan tog nou, vervloek hierdie volk vir my, want hulle is magtiger as ek. Miskien sal ek onder hulle 'n slag kan slaan en hulle uit die land verdrywe. Want ek weet, die een wat jy seën, is geseënd; en die een wat jy vervloek, is vervloek.

Numeri 25:1-5

Num 25:1 Toe Israel in Sittim gebly het, het die volk begin hoereer met die dogters van die Moabiete—
Num 25:2 dié het die volk na die offers van hulle gode uitgenooi; en die volk het geëet en hulle neergebuig voor hulle gode.
Num 25:3 So het Israel hom dan gekoppel aan Baäl-Peor, en die toorn van die HERE het teen Israel ontvlam.
Num 25:4 Toe sê die HERE vir Moses: Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir die HERE, sodat die toorngloed van die HERE van Israel afgewend kan word.
Num 25:5 Daarop het Moses aan die rigters in Israel gesê: Slaan elkeen sy manne dood wat hulle aan Baäl-Peor gekoppel het.

Skriflesing: Esegiël 25:8-11; Numeri 22:1-6; 25:1-5
Teks: **Esegiël 25:8-11**
Sing- Ps. 48:1; Ps. 75:1,5; Ps. 104:1,2,7; Ps. 106:12

Broeder en suster, verlede Sondag was ons by Israel se buurvolk Ammon, waar die Here hulle gaan straf oor hulle Israel uitgelag en in leedvermaak hulle oor Jerusalem se puinhope

verlekker het. Ammon, die buurvolk, ja die broervolk van Israel was gevaarlik want hulle het hul baie onskuldig gehou deur voor te gee hulle Israel se belange in belang van Israel sien, maar agteraf was hulle vals. Hulle was gedryf deur ’n grondhonger om deur diplomatieke huigelary Israel te ondergrawe. Ons het gewys op hoe gevaarlik dit is as jou vyand voorgee dat hy jou vriend is. Toe Israel ondergaan toe juig Ammon, want het hulle eintlik maar nog altyd in die geheim daarna verlang dat hulle oor Israel se puinhope hulle monumente kan bou.

***

Wanneer die woord van die Here deur die mond van sy profeet nou die tweede buurvolk nader, broeder en suster, dan het ons te doen met Moab. Daardie volk ook uit Lot gebou. Lot se twee dogters wat in die geheim die lewe in hulle met ’n dronk pa verwek het, die een dogter het die oorsprong geword van Ammon, die ander dogter die oorsprong van Moab. Die Moabiete wat in waarheid bloedvolk, broervolk van Israel is, maar hulle is alles behalwe kerkvolk waar dit moet gaan om ware broederskap, ware susterskap.

Wat het Moab gevaarlik gemaak?! Wat maak dat ons die Moabitiese tendens ook in ons tyd waarin ons leef moet kan onderskei. Die Moabitiese tendens kom in wat ’n baie onskuldige uitspraak lyk te wees, maar dit is uiters gevaarlik wanneer daar vanuit Moab gesê word- *Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies*— Moab het vir Israel gesê daar is niks wat julle anders maak nie. Net soos al die nasies word julle ook in ballingskap gevoer. Ons moet eintlik die uitspraak in Esegiël kontrasteer met wat in Num. 23:9 deur Bileam oor Israel gesê was. *Kyk, ‘n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.*

***

Geliefdes wat in Numeri gebeur was dat Balak, ’n Moabiet vir Bileam genader het dat Bileam vanaf Godsweë Israel moes vervloek. Bileam was ook vas van voorneme dat hy dit sal doen, Israel moet vervloek word. U ken daardie geskiedenis, hoe vas van voorneme Bileam ook was om hierdie vloek in volle krag Israel toe te dien, maar dit was alles tevergeefs. Bileam het ’n donkie gehad, ’n donkie wat by ’n smal gangetjie nie wou deurgaan nie, want Hy wat die Christus moet wees, toe ’n Engel van God, het die pad met ’n ontblote swaard dwars gestaan, die donkie wil nie verby nie, naderhand word die donkie met geweld geslaan, dan gebeur die mees merkwaardige, die donkie praat later, die donkie vra, hoekom hy wat Bileam is hom nou al drie maal geslaan het, want het die donkie nie by die heerlikheid van God wou verbygaan nie, terwyl die mens Bileam God in sy heerlikheid wou aantas (Num. 22:28).

Waar Bileam elke keer veronderstel was om Israel te vervloek het die Here dit omgedraai tot ’n seëning wat soveel seëninge te bowe gaan. Bileam sê o.a. van Israel - Num. 23:8- ***8*** *Hoe sal ek vloek wie Gód nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie die HERE nie verwens nie?* Om hierdie seëninge net nog meer in plek te plaas is waar Bileam hierdie wonderlike woorde oor die huis van Juda laat kom het- *Kyk, ‘n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.* Dit het Balak en die Moabiete tot hulle diepste wese getref. Hoe God vir Juda soveel genade betoon het. Juda die ou volkie uit Israel, klein en op die oog af swak maar God laat deur Juda skrik oor die ander nasies kom. Voor die Juda het God die Rooi See oopgemaak, voor sy Juda laat God wêreldstede se mure ineenstort, die gebeure rondom Jerigo, ja Juda was waarlik wat Jakob oor sy seun die begin van Juda gesê het- *Juda is ’n leeu, die septer sal van Juda nie wyk nie...* Juda se seëninge was besonders want was Juda ’n volk afgesonder, nie tot die nasies gereken nie.

Nou laat Esegiël die verskriklike teendeel ons hoor- die Moabiete sê van Israel *Juda is soos al die nasies...* En wat dit erger maak dit was ’n geval van Juda is nie meer anders as die nasies nie. In die tyd van Nebukadnesar het Juda en Jerusalem geswig, hulle besondere plek het hulle verloor. Dit was waar wat die Moabiete sê - die verskriklike afgodery, die sedeloosheid, die ongeregtigheid, sosiale, maatskaplike onreg, godsdienstig by die tempel, op al die terreine het Juda nie meer God se vaandel, God se plek aan hulle die voordeel gegee nie, nee die nasies kry die voordeel, hulle het geword soos al die nasies. Waar hulle nie tot die nasies gereken moes word nie, het hulle nou geword soos die nasies...

***

Wanneer ons vandag na hierdie gedeelte kyk dan besef ons die kerk moet anders wees as die wêreld. Die profesie van Jona dra altyd die beskamende karakter toe Jona moes praat toe bly hy stil, toe slaap hy, toe gee die matrose ’n baie meer God lofwaardige antwoord as Jona wat die kerk moes voorstel. Die wêreld wat die kerk beskaam vir wat die kerk doen. Natuurlik bedoel die wêreld dit nie tot God se eer nie. Allermins, maar wanneer die kerk nie meer kan bewys dat ons as kerk geestelik die wêreld se meerdere is nie, dan word die kerk ’n bespotting. Dan het die kerk sy reg tot kerk-wees eintlik prysgegee. Die kerk wat sout moet wees in hierdie wêreld, die kerk wat die lig op die berg oor ’n groot stad moet wees, die lamp wat in die diepste donkerte moet bly skyn, wanneer die kerk dit nie meer is nie, dan verdien dit geen staanplek meer nie, dan moet die kandelaar van sy plek verwyder word. God sal dit verwyder. Dit het die gemeente in Efese in Op 2 se lot geword.

Ons as kerk vandag, is ons nie in baie opsigte die oorsaak dat daar met die kerk gespot word nie? Hoe daar 'n gebrek aan respek vir die Woord van die Here is, 'n gebrek aan respek vir wat God ons tot nou toe in die geskiedenis mee gelei het, 'n gebrek aan respek vir wat ons belydenisskrifte vir ons beteken nie?! As ons nie meer hiervoor respek betoon nie, waar kan ons van die wêreld verwag om die kerk te respekteer.

***

Wel, was daar die tyd toe Moab en Seïr die kerk moes respekteer. Weer besef ons dit is die kern van wat Bileam en Balak en Moab moes besef. Ons wat vandag na Moab kyk weet dat Moab deur al die eeue nooit vir Israel met hulle wapens 'n bedreiging was nie. Nee, Moab het Israel verag om dieselfde rede as wat Balak teen Israel wou optree. Israel se tente was naby Kanaän se grense. Balak wat in alles probeer het, Bileam jy moet hierdie volk vervloek, jy moet geen respek vir hulle betoon nie, maar elke keer seën Bileam vir Israel. Die seëninge word sterker uitgespreek i.p.v. die vervloekinge wat Balak wou hê al sterker moes word. Dit is 'n toedrag wat Moab hard in die tande getref het. Nooit het hulle vir Israel hierdie bevoorregte posisie wou toegee nie. Hulle wou nie verstaan dat God genadig kan wees en meer genadig kan wees aan wie Hy wil nie.

Daarom moet ons Moab se woorde dat Juda is maar soos al die nasies nie sien dat hulle in werklikheid teen Juda praat nie, maar dit gaan in teen die Here. Hulle wil eintlik die Here beskimp want glo hulle, hul kan nou aantoon dat Juda het sy andersheid verloor. Die woorde van Bileam so kragtig en veelseggend dat daar 'n afgesonderde volk sal wees wat nie tot die nasies gereken nie, dit bestaan nou nie meer nie. God het hiervolgens sy Woord ontrou geword. Juda lê nou maar op dieselfde vlak as al die volke. Wie dit beweer is mos besig om met God te spot. Dit sal God nie toelaat nie.

Weereens moet ons die diepere venyn, die werklike impak van hoe Moab by hierdie punt uitgekom het, mooi onderskei. Dit is wat mense met Christus ook gedoen het. Eers is Hy gerespekteer en geprys vir wat Hy vir hulle kan wees maar nie vir wat Hy waarlik is nie. Moab het swaar aan Bileam se seëninge moes sluk, die ware seëninge wat Christus wou bring, het Israel swaar aan gesluk. Hoe dikwels het Christus hulle kinders wou bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens, maar Israel wou nie.

Dan kom Moab met die gevaarlike wat ons vandag nog in die kerk kry. As iemand nie van buite oorwin kan word nie, maak hom van binne moeg en tam en leeg. Laat daardie

geestelike uitputting die sterkere rol begin speel dan word die latere liggaamlike en fisiese weerstand al makliker afgebreek. Dit is iets van ’n suigkrag wat van Moab kom. Ek kan dit dalk hier ook noem- Die perdeby -spinnekop effek. Jy kry ’n soort spinnekop wat ’n by in sy web vang, maar dan maak die spinnekop die by nie dood nie, nee die by moet lewend in die web gehou word, dat wanneer die larwes van die spinnekop in die by gelê uitkom, dan moet die by nog lewe, dat die lewende larwes, die klein spinnekoppies die by as hulle kos kan gebruik, want het dit ’n groot doel om op die wyse die by lewend te hou, in belang van baie spinnekoppies. Dit wil voorkom dit is hoe daar baie keer met die kerk ook gewerk word. In belang van die wêreld moet die kerk daar wees, maar dan nie die kerk wat God dien nie, maar dit moet ’n kerk wees wat die wêreld ’n beter plek moet maak.

Daar is geen sigbare kragdadige wapengeweld van Moab se kant teen Israel nie, maar ’n stelselmatige van binne-af verorbering. Van vroeg reeds het Balak gesien al die volke deur Israel verslaan, met wapens is baie volke met die intog platgevee, die Amalekiete, Sihon, die koning van Hisbon, Og, die koning van Basan, hulle almal is verwoes, daarom het Moab besluit hulle gaan ’n ander middel gebruik om Israel te buig, dit word ’n geestelike oorlog. Balak wat daarmee begin deur Bileam se vloek sy wapen te maak, dit het ons nou al baie vanoggend gehoor, daar het aanvanklik dit nie uitgewerk nie. Israel word teen alle verwagtinge in geseën, maar hierdie Israel het nie die genade van God in sy kerk en lewe wou koester nie.

Moab se suigkrag het al dieper ingewerk deurdat Moab se seuns met Israel se dogters al nouer begin skakel het, huwelike tussen die volke word al meer, maar dan kom die volgende na vore. Die vrou uit Israel kan die man uit Moab se godsdiens tog nie verwerp nie, ons is dan in een huwelik. Die man laat die vrou dit ook nie toe dat jy my afgode verwerp nie. So is die vrou ingesuig in wat Moab graag wou hê.

Broeder en suster, as ons vandag hierdie gedeelte lees in ’n land en samelewing wat so daarop uit is om alle grense te wil afbreek, grense tussen geslagte, tussen volke, tussen kulture, noem maar op ... dan voel mens as gereformeerde in baie opsigte al heel uitgesuig. Wat is daar nog binne ons oor, wat maak dat ons kan sê, ons kan dit voortdra want dit maak ons uniek in wat ander nie van ons gevat het nie. Dadelik moet ek byvoeg, nie in wat ons uniek maak nie, in wat ons versien nie, dit moet altyd gaan, in wat God ons mee wil begenadig. Dit is die unieke wat ons moet uitdra. Die unieke van die kruis, die unieke van

om waarlik kerk te wees, die unieke van die verbond van God, die unieke wat God se koninkryk anders maak as die koninkryke waarmee die wêreld ons lok en trek.

Christus het na hierdie wêreld gekom, die geregtigheid in Hom is werklik daar om aan almal te verkondig, die hele wêreld moet dit hoor, daar is werklik niemand uitgesonder vir wie Christus se dood nie dieselfde boodskap moet bevat nie. Christus se dood is waarlik genoeg om almal te red, almal sou deur sy dood gered kon word in wat die waarde en die krag van sy kruis vir ons vandag hier is, maar broeder en suster, hier kom 'n groot verskil. Die wêreld wou Hom nie ontvang nie, ja hoeveel ontvang Hom in Wie Hy waarlik is en nie in wat hulle van Hom maak nie. Hy wat Hom nie laat bespot nie, maar tog moet Hy red. Hulle wat moet weet dat die Christus die Here is, soos ons so dikwels God in Esegiël dit hoor sê- *dat hulle sal weet dat Ek die Here is....*

Hierdie strafgerigte kom oor God se eie volk, maar ook oor die hele wêreld, universeel moet ons dit na alle kante uitdra, dat wie God nie erken as Here nie, wie Christus nie waarlik die begin en die einde van hulle geloof, hulle diens, hulle werk, hulle roeping, hulle oorgawe maak nie, so een moet weet die wêreld het hom/haar ingesuig en Christus het maar net 'n noemer vir hulle geword en sal hulle Verlosser nie wees nie. Moet Christus nie net 'n noemer maak, 'n noemer in 'n baie groot wêreldse som, maar by die uiteindelike antwoord dan staan nie net Christus nie, maar die wêreld wat dink dat hy sy verlosser en verlossing kon uitdink, kon uitwerk.

So een is reeds opgesuig, die werklike inhoud van ons belydenis, die werklike inhoud van kerk-wees, is in so 'n mens se se lewe uitgesuig as jy reeds so opgesuig is. As daar gelowiges is, as daar kerke is, wie aan die wêreld meer het, as aan die boodskap van God, vir wie daar gesê moet word, die unieke is weg, hulle is *soos die nasies...* As ons vandag moet erken ons is maar *soos al die ander...* Gered ongered, ons is maar almal gelyk, almal dieselfde, broeder en suster dan het Moab se suigkrag ook in jou lewe te sterk geword.

AMEN